JONKERSHOEK SRA

# MISDAAD | CRIME BULLETIN

April 2024

## A. Sekuriteitsaktiwiteite

Gedurende die maand het die JSRA Sekuriteitsbeamptes die volgende suksesse behaal:

'n Lid van die gemeenskap het op die sekuriteits WhatsApp-groep van die area gevra vir bystand. Die lid se huiswerker se foon is uit die huis gesteel deur 'n verdagte wat by die woning aangeklop en gevra het vir 'n glas water. Terwyl die huiswerker vir die persoon 'n glas water gaan haal het, is haar foon gesteel. Die verdagte het met sy fiets weggery. Kameras in die omgewing is nagegaan en die verdagte is geïdentifiseer. Die voorval het op 'n Maandag-middag in die Karindal-omgewing plaasgevind.
Die verdagte is na ongeveer 'n week en 'n half deur die JSRA sekuriteitsvoertuig in Die Laan-omgewing opgemerk, waarna hy aangekeer is vir die diefstal-saak. Die verdagte het erken dat hy die foon geneem het. Die klaer in die saak het egter nie die saak by die SAPD aangemeld nie en wou ook nie 'n saak open nie. Die verdagte het die foon aan die klaer teruggegee. Hy is gewaarsku en laat gaan.
Die JSRA doen 'n baie ernstige beroep op ons lede om asb. alle sake by die SAPD aan te meld sodat verdagtes gearresteer kan word.

| **April 2024** | | |
|---|---|---|
| **JSRA** | **Laan Area** | **Klagtes** |
| ±126 | ±91 | Verdagte persone (insluitend swerwers, bedelaars, smouse, ens.) |
| ±23 | ±2 | Verdagte voertuie |
| ±67 | ±5 | Oop hekke / motorhuisdeure / veiligheidshekke / huisdeure |
| ±19 | ±1 | Verdagte aktiwiteite (blaf van honde, alarms, ens.) |
| ±239 | ±149 | Klagtes in totaal waaraan aandag gegee is. |
| Ander: Verlore/gevonde goedere, verlore honde, oop voertuie, sleutels in voertuie toegesluit, waterlekke, straatligte buite werking, mediese gevalle, brand, motorongelukke, huisbraak, diefstal gewoon, diefstal uit motor, verkeersoortredings, drink in die publiek, rusverstoring, ens. | | |

## B. Misdaadverslag

**Kontakmisdaad:**

| | |
|---|---|
| Moord / Poging tot Moord | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Huisroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Besigheidsroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n vuurwapen | **Die Laan-omgewing:**<br>Op 'n Donderdag in die vroeë oggendure (01:52) is drie damesstudente in Die Laan-omgewing deur vermoedelik drie b/m beroof. Die verdagtes het by die dames gestop. Twee van die verdagtes het uit 'n voertuig geklim, waarvan een die dames genader het. Selfone en ander items is geëis. Die verdagte het items geneem en beide verdagtes het in die voertuig teruggeklim en gevlug. Geen wapens is gesien nie, maar die dames is gedreig dat hy hulle sou skiet as hulle nie samewerking gee nie. Geen beserings.<br>Verdagtes drie b/m |

| | |
|---|---|
| | Verdagte voertuig – Wit Opel Corsa, reg. no. onbekend<br>Videomateriaal is nagegaan en gestoor vir verdere ondersoekdoeleindes.<br>Kontak asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer by 062 027 1601 as u enige verdagte aktiwiteite opmerk. |
| Gewapende Roof met 'n ander wapen as 'n vuurwapen | **Die Laan-omgewing:**<br>Op 'n Sondagmiddag het vier verdagtes (twee c/f en twee c/m) in Van Riebeeckstraat-omgewing die klaer genader en haar gedreig met 'n mes. Die klaer is gedwing om haar rugsak en skootrekenaar aan die verdagtes te oorhandig. Die verdagtes het die items geneem en gevlug. Geen beserings. Verdagtes onbekend. |
| Roof Gewoon | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Verkragting/Seksuele Aanranding | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Openbare onsedelikheid | Geen voorval is aangemeld nie. |

**Eiendomsverwante misdaad:**

| | |
|---|---|
| Huisbraak | **JSRA-omgewing:**<br>Daar is een voorval onder die JSRA se aandag gebring.<br><br>Volgens die klaer het hy sy kamer se sleutel op die raam van die buitevenster weggesteek. Die verdagte het die sleutel gebruik om toegang tot die kamer te kry. Die klaer se skootrekenaar is geneem. Die voorval het op 'n Sondagoggend in die Simonswyk-omgewing plaasgevind. Verdagte is onbekend.<br><br>**Die Laan-omgewing:**<br>Daar is twee voorvalle onder die JSRA se aandag gebring.<br><br>By die een voorval het die klaer die verdagte op die perseel betrap. Die deur van die gebou is oopgeforseer. Die verdagte het reeds verskeie items uitgedra. Die voorval het op 'n Woensdagaand in Van Riebeeckstraat-omgewing plaasgevind. Verdagte is oorhandig aan die SAPD.<br><br>By die tweede voorval het die verdagte die huis se deur oopgemaak, 'n skootrekenaar geneem en gevlug. Die voorval het in De Vosstraat-omgewing op 'n Vrydag laat middag/vroeg aand plaasgevind. Verdagte onbekend. |
| Diefstal van Motorvoertuig / Motorfiets | **Die Laan-omgewing:**<br>Twee voorvalle is onder die JSRA se aandag gebring.<br><br>Die eerste voorval was 'n poging tot diefstal van 'n voertuig. Die voorval het op 'n Dinsdagmiddag in Die Laan-omgewing plaasgevind. Die klaer het die voertuig parkeer en toe sy terugkom het sy gemerk dat daar gepeuter is by die deur en met die drade onder die stuurwiel van die voertuig. Verdagte/s onbekend. |

| | |
|---|---|
| | Die ander voorval het op ’n Donderdag gedurende die dag plaasgevind.  Die klaer het sy voertuig in Die Laan-omgewing parkeer.  Toe hy later terugkeer het hy vasgestel sy voertuig is weg.  Hy het ‘n saak by die SAPD geopen van diefstal van ’n voertuig.  Verdagte/s onbekend. |
| Diefstal uit / vanaf ’n voertuig | **JSRA-omgewing:**<br>’n Persoon het die JSRA genader om te kyk of daar voorvalle van diefstal uit ’n voertuig by ‘n spesifieke adres was.  Die videomateriaal is nagegaan. In die tydperk wat die voertuig daar geparkeer was, was daar geen beweging en/of diefstal uit ’n voertuig nie.  Die klaer het egter ’n saak geopen van diefstal uit ’n voertuig by die spesifieke adres.  Videomateriaal is gestoor vir verdere ondersoekdoeleindes.  Geen diefstal uit ’n voertuig is by die JSRA statistiek gevoeg nie, aangesien die voorval nie in die JSRA-omgewing plaasgevind het nie. |
| Diefstal Gewoon | **JSRA-omgewing:**<br>Twee diefstal gewoon-sake is onder die JSRA se aandag gebring.<br><br>By die een voorval het die klaer haar sleutels by ‘n OTM in die omgewing vergeet.  Toe sy terugkeer na die OTM was haar sleutels weg.  Die kameramateriaal van die besigheid is nagegaan en die persoon wat die sleutels geneem het, is geïdentifiseer.  Die JSRA is ook gekontak om te kyk of ons moontlik die voertuig waarmee die persoon gery het kan identifiseer.  Die voorval het op ‘n Donderdagmiddag in die Mostertsdrift-omgewing plaasgevind.  Die kameramateriaal is nagegaan en die persoon se voertuig is ook geïdentifiseer.<br><br>By die tweede voorval het ‘n JSRA-lid op die sekuriteits WhatsApp-groep van die area gevra vir bystand.  Die lid se huiswerker se foon is uit die huis gesteel deur ‘n verdagte wat by die woning aangeklop het en gevra het vir ‘n glas water.  Terwyl die huiswerker vir die persoon water gaan haal het, is haar foon gesteel.  Die verdagte het met sy fiets weggery.  Die kameras in die omgewing is nagegaan en die verdagte is geïdentifiseer.  Die voorval het op ‘n Maandagmiddag in die Karindal-omgewing plaasgevind.<br>Na ongeveer ‘n week en ‘n half is die verdagte deur die JSRA sekuriteitsvoertuie in Die Laan-omgewing opgemerk, waarna hy vir die diefstal-saak aangekeer is.  Die verdagte het erken dat hy die foon geneem het.  Die klaer het egter nie die saak by die SAPD aangemeld nie en wou ook nie later ‘n saak open nie.  Die verdagte het die foon teruggehandig aan die klaer.  Hy is gewaarsku en laat gaan.<br>JSRA doen ‘n baie ernstige beroep op ons lede om asb. alle sake by die SAPD aan te meld sodat verdagtes gearresteer kan word. |
| Bedrog | **JSRA-omgewing:**<br>Twee voorvalle van bedrog is onder die JSRA se aandag gebing.  Beide voorvalle was aanlyn bedrogsake.<br>Weereens versoek ons lede om geen besonderhede aan enigiemand oor die telefoon te verskaf nie.  Maak seker jy kliek op geen onbekende skakels wat vir jou aangestuur word nie. |

Die volgende sake is ook onder ons aandag gebring:

**JSRA-omgewing:**

Een voorval van Opsetlike saakbeskadiging is onder die JSRA se aandag gebring.
Dit het in die Jonkershoekvallei plaasgevind, waar ‘n stormwaterpyp met spuitverf gespuit is.

**Die Laan-omgewing:**

’n Betredingsaak is ook onder die JSRA se aandag gebring. Die kameras is nagegaan en die persoon wat die perseel betree het, is op die kamera beeldmateriaal geïdentifiseer. Die persoon is aan die JSRA Sekuriteitvoertuie onbekend, maar hulle sal op die uitkyk wees vir die moontlike verdagte. Geen kriminele saak is geopen nie.

## C. Misdaad aangrensend aan die JSRA (nie JSRA-area nie)

Wees asseblief op jou hoede as jy die volgende omgewings besoek.

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum aangrensend aan die JSRA | Daar was ’n voorval van diefstal vanaf ‘n voertuig. Die voertuig se battery is vanaf die voertuig gesteel. Verdagtes onbekend.<br>Sake van diefstal gewoon is ook onder ons aandag gebring.<br>Geen sake van OTM bedrog/roof is onder ons aandag gebring nie, maar wees steeds bedag by alle OTM’s vir OTM-bedrog/roof. |
| Botmaskop/African Valley | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie |
| Helshoogtepad | Verskeie sake is onder die JSRA se aandag gebring – onder andere:<br>• Roof met ‘n vuurwapen & Poging tot ontvoering<br>• Roof met ‘n ander wapen as ‘n vuurwapen<br>• Poging tot roof met ‘n vuurwapen<br>• Diefstal van ’n kabel<br>Wees asb. bedag as jy in die omgewing fietsry / draf / stap. Moenie alleen of in klein groepies gaan nie. Probeer sover as moontlik om in groot groepe te gaan. Indien enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opgemerk word, skakel asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer. |
| Bergpad agter Coetzenburg / Coetzenburg \| Suidwal- / Noordwal-Wes-omgewing | Verskeie sake is onder die JSRA se aandag gebring – onder andere:<br>Diefstal uit/vanaf voertuie<br>Diefstal van voertuie<br>Roof met ‘n ander wapen as ‘n vuurwapen<br>Diefstal gewoon<br>Indien enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opgemerk word, skakel asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer. |
| Jan Maraispark-omgewing | Daar was ’n voorval waar ‘n dame deur persone voorgekeer is. Sy het egter nie by die persone gestop nie. Hulle het haar toe gevolg |

| | |
|---|---|
| | met 'n swart Toyota Yaris. Later het die voertuig afgedraai. Video-materiaal is nagegaan en inligting is opgevolg. Dit blyk dat die persone op soek was na tweedehandse voertuie. Wees asb. bedag en rapporteer verdagte aktiwiteite. |

Wees asseblief bedag as jy hierdie omgewings besoek en MOENIE ALLEEN OF IN KLEIN GROEPIES gaan stap / draf / fietsry nie, gaan verkieslik in groot groepe. Wees ook bedag by alle OTM's wanneer jy geld trek.
Neem asb kennis dat Diefstal uit voertuie en Diefstal van voertuie in die Stellenbosch-omgewing toeneem.
Verwyder asb alle waardevolle items uit jou voertuig en maak seker dat jou voertuig gesluit is.
.

## D. Spesiale versoek en wenke

Inwoners word weereens versoek om asseblief alle sake by die SAPD aan te meld.

**Maak asb. seker dat jy die regte nommer het vir die Jonkershoek SRA Beheerkamer:**
**JSRA BEHEERKAMER - 062 027 1601**

**Vriendelike groete**
**JSRA Bestuur**

## A. Security Activities

During the month the JSRA Security officers achieved the following successes:

A JSRA community member request assistance on one of the JSRA Security WhatsApp Groups. The domestic worker's cell phone was stolen by a person who requested a glass of water from her. While she fetched the water her phone was stolen. The suspect fled on his bicycle. The cameras were reviewed and the suspect was identified. The incident occurred on a Monday afternoon in the Karindal area.
About a week and a half later the suspect was spotted by the JSRA security officers working in The Avenues area. He was apprehended and confessed that he took the cell phone. The complainant in the case preferred not to open a case with the SAPS and could not be persuaded to do so. The suspect returned the cell phone to the complainant. He was given a warning and allowed to go.
The JSRA strongly appeal to our members to report all cases to the SAPS in order that suspects can be arrested.

| April 2024 | | |
|---|---|---|
| **JSRA** | **Avenues Area** | **Complaints** |
| ±126 | ±91 | Suspicious persons (including wanderers, beggars, hawkers, etc.) |
| ±23 | ±2 | Suspicious vehicles |
| ±67 | ±5 | Open gates / garage doors / security gates / house doors |
| ±19 | ±1 | Suspicious activities (barking dogs, alarms, etc.) |
| ±239 | ±149 | Complaints in total to which attention was given. |
| Other: Lost/found goods, lost dogs, open vehicles, keys locked in vehicles, water leaks, street lights out of order, medical cases, fire, car accidents, house-breakings, common theft, theft from a car, traffic offences, alcohol abuse in public, disorder, etc. | | |

## B. Crime report

**Contact crime:**

| | |
|---|---|
| Murder / attempted murder | No incident reported. |
| House robbery | No incident reported. |
| Business robbery | No incident reported. |
| Armed robbery with a firearm | **The Avenues area:**<br>On a Thursday in the early morning hours (01:52) three female students were robbed in the Avenues area by presumably three b/m. The suspects stopped at the students. Two of the suspects got out of the vehicle and one of them approached the women and insisted that they hand over their cell phones and other items. The suspect took the items and the two men climbed back into the vehicle and fled. No weapons were visible, but the ladies were threatened that they would be shot if they did not co-operate. No injuries.<br>Suspects three b/m<br>Suspect vehicle – White Opel Corsa reg. no. unknown |

| | |
|---|---|
| | Video material was scrutinised and saved for further investigation purposes. Please contact the JSRA Control room without delay @ 062 027 1601 when you observe any suspicious activities. . |
| Armed robbery with a weapon other than a firearm | **The Avenues area:**<br>On a Sunday afternoon four suspects (2 c/f and 2 c/m) approached a complainant in the Van Riebeeck Street area and threatened her with a knife. The complainant was forced to hand over her backpack and laptop. The suspects took the items and fled. No injuries. Suspects unknown. |
| Common robbery | No incident reported. |
| Rape / Sexual assault | No incident reported. |
| Public indecency | No incident reported. |

**Property related crime:**

| | |
|---|---|
| House-breaking | **JSRA area:**<br>One incident was brought to our attention.<br><br>According to the complainant he hid the key of his room on the frame of the outside window. The suspect used the key to gain access to the room. The laptop of the complainant was taken. The incident occurred on a Sunday morning in the Simonswyk area. The suspect is unknown.<br><br>**The Avenues area:**<br>Two incidents were reported to the JSRA.<br><br>In one incident the complainant caught the suspect on the property. A door of the property was forced open. The suspect already carried out several items. The incident occurred in the Van Riebeeck Street area on a Wednesday night. The suspect was handed over to the SAPS.<br><br>In the second incident the suspect opened the door of the property, took a laptop and fled. The incident occurred on a Friday late afternoon/early evening in the De Vos Street area. Suspect unknown. |
| Theft of motor vehicle / motor cycle | **The Avenues area:**<br>Two incidents were reported to the JSRA.<br><br>The first incident was an attempted theft of a vehicle. It occurred on a Thursday afternoon in The Avenues area. The complainant parked the vehicle and left. On return she observed that there was fiddled with the door as well as underneath the steering wheel with the wiring. Suspect/s unknown.<br><br>The second incident occurred on a Thursday during the day. The complainant parked his vehicle in The Avenues area. On return later the day he determined that his |

| | |
|---|---|
| | vehicle was stolen. He opened a case of theft of a vehicle with the SAPS. Suspect/s unknown. |
| Theft from / out of a vehicle | **JSRA area:**<br>The JSRA was requested to reviewed a camera due to a possible theft out of a vehicle that occurred at a specific address. Video material was reviewed and it was determined that there was no signs of movement or theft out of the vehicle during the time the vehicle was parked there. The complainant nevertheless opened a case of theft out of a vehicle at the given address. Video material was saved for further investigation purposes. No incident of theft out of a vehicle was added to the JSRA statistics because the incident did not occur in the JSRA area. |
| Theft general | **JSRA area:**<br>Two incidents of theft general were reported to the JSRA.<br><br>In one incident the complainant forgot her car keys at an ATM. When she returned, the keys were gone. The camera material of the business was reviewed and the person who took the keys was identified. The JSRA control room were also informed and reviewed the JSRA cameras to try and identify the person and vehicle that he was driving. Based on the video material the vehicle of the suspect could be identified. The incident occurred on a Thursday afternoon in the Mostertsdrift area.<br><br>A JSRA community member request assistance on one of the JSRA Security WhatsApp Groups. The domestic worker's cell phone was stolen by a person who requested a glass of water from her. While she fetched the water her phone was stolen. The suspect fled on his bicycle. The cameras were reviewed and the suspect was identified. The incident occurred on a Monday afternoon in the Karindal area. About a week and a half later the suspect was spotted by the JSRA security officers working in The Avenues area. He was apprehended and confessed that he took the cell phone. The complainant in the case preferred not to open a case with the SAPS and could not be persuaded to do so. The suspect returned the cell phone to the complainant. He was given a warning and allowed to go.<br>The JSRA strongly appeal to our members to report all cases to the SAPS in order that suspects can be arrested. |
| Fraud | **JSRA area:**<br>Two incidents of fraud were reported to the JSRA. Both incidents were online fraud cases.<br>We again request our members never to provide any information to any person via the telephone. Also make sure that you do not click on any link that is sent to you. |

The following cases were also brought to our attention:

**JSRA area:**

One case of malicious damage to property was reported to the JSRA.
This incident occurred in the Jonkershoek Valley, where a drain pipe was sprayed with spray paint.

**The Avenues area:**

A case of trespassing was reported to the JSRA. The cameras were reviewed and the person who trespassed on the property was identified. The person is unknown to the JSRA officers, but they will be on the alert for a possible suspect. No criminal case was opened.

## C. Crime in areas adjacent to the JSRA (not JSRA area)

Please be on the alert when you visit these areas.

| | |
|---|---|
| Shopping centre bordering the JSRA | An incident of theft from a vehicle occurred. The battery of the vehicle was stolen from it. Suspects unknown.<br>Cases of theft general were also brought to our attention.<br>No incidents of ATM fraud/robbery were brought to our attention. However, you should be on the alert at all ATMs for ATM fraud/robbery. |
| Botmaskop/African Valley | No incident was brought to our attention. |
| Helshoogte Road | Several cases were reported to the JSRA, among others the following:<br>• Robbery with a firearm and attempted abduction<br>• Robbery with a weapon other than a firearm<br>• Attempted robbery with a firearm<br>• Theft of a cable<br>Please be on the alert when you cycle / jog / hike in the area. Never go on your own or in small groups. Rather go in large groups. If any suspicious activities / persons / vehicles are observed, immediately contact the JSRA Control room. |
| 'Bergpad' behind Coetzenburg \ Coetzenburg \| Suidwal / Noordwal-Wes area | Several cases were brought to the attention of the JSRA, among others the following:<br>Theft from / out of a vehicle<br>Theft of a vehicle<br>Robbery with a weapon other than a firearm<br>Theft general<br>If any suspicious activities / persons / vehicles are observed, immediately contact the JSRA Control room. |
| Jan Marais Park area | There was an incident where a lady was confronted by suspects. However, she did not stop. They then followed her in a black |

| | |
|---|---|
| | Toyota Yaris. After a while the vehicle turned off. The video material was reviewed and the information was further investigated. It appears that the suspects were in search of second-hand vehicles. Please be on the alert and report all suspicious activities. |

Please be on the alert when you visit these areas and NEVER GO ON YOUR OWN OR IN SMALL GROUPS when you hike / jog / cycle. You should preferably go in large groups.
Please also be on the alert at all ATMs when you withdraw money.
Please take note that theft out/from vehicles and theft of vehicles are increasing in the Stellenbosch area. Please remove all valuable items from your vehicle and make sure that your vehicle is locked.


## D. <u>Special request and hints</u>


Residents are again requested to please report all cases to the SAPS.


**Please make sure that you have the correct telephone number of the Jonkershoek SRA Control room:**
**JSRA CONTROL ROOM - 062 027 1601**

**Best regards**
**JSRA Management**

## JSRA - Misdaadgrafieke/ Crime Charts






Neem asb. kennis dat dit nie amptelike SAPD statistiek is nie, maar statistiek wat deur die JSRA bygehou word. (pogings ingesluit)
Please note that this is not official SAPS stats, but stats that have been compiled by the JSRA (including attempts).